# HOËRSKOOL KAMPSBAAI

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**GRAAD 9** — **JUNIE 2014**

**TYD:** 1½ **UUR** — **TOTAAL: 80**

**TAAK 3: VRAESTEL 3** — **OPSTELLER: R. TOYER**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   **AFDELING A**: OPSTELLE (50 punte) EN

   **AFDELING B**: TRANSAKSIONELE TEKSTE (30 punte)
2. **Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling**.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen jou beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.
7. Skryf duidelik die woorde FINALE SKRYFSTUK boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.
8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.
9. **Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif**.
10. Tel jou woorde en skryf dit regs, onderaan die skryfstuk en tussen hakies.

    LET WEL: Die titel word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
11. Skryf netjies en leesbaar.
12. Beplan jou tyd so:

    AFDELI*N*G A: 60 minute

    AFDELING B: 30 minute

**AFDELING A: OPSTELLE**

**VRAAG 1**

• Beantwoord **EEN** vraag.

• Die lengte van jou skryfstuk (opstel) moet **210-250** woorde wees.

• Verseker dat jou skryfstuk ʼn titel het.

**1.1** Titel: Die rol van sport **in my lewe**.

(**Vertel** van sport as deel van jou lewe).

Jy mag die volgende riglyne gebruik

- My gunsteling sportsoort
- My rolmodel se gunsteling sportsoort
- Mense wat my gemotiveer en gehelp het
- Hoe ek sport begin beoefen het
- My oefensessies
- My sportprestasies (hoogtepunte).
- Wat sport vir my beteken



(50)

**OF**

**1.2 Titel: My vriende/vriendinne**

Jou vriende/ vriendinne speel ‘n groot rol in jou lewe. **Vertel** van jou beste vriende/vriendinne en hulle belangstellings en waarom hulle so ‘n groot rol in jou lewe speel.

Jy mag die volgende riglyne gebruik:

- Goeie of slegte vriende/vriendinne en die waarde van goeie vriende/vriendinne
- My belangstellings
- My beste vriend/vriendin: voorkoms, maniere en belangstellings
- My ander vriende/vriendinne: voorkoms, maniere en belangstellings
- Aktiwiteite waaraan ons as vriende graag saam deelneem
- Hoogtepunte in my en my vriende/vriendinne se lewe en lesse wat hulle my leer



**(50)**

**OF**

**1.3 Titel: Ek lag nou nog oor die dag by die winkel.**

Jy/ julle het eendag winkel toe gegaan en inkopies gaan doen, maar hierdie dag het in 'n sirkus verander toe iets snaaks by die winkel gebeur het. **Beskryf** die snaakse voorval. (onthou: wie, waar, wanneer, hoe, wat, maar onthou ook om te fokus op dit wat jy gesien, gehoor en gevoel het – gebruik dus veral jou sintuie).

Jy mag die volgende riglyne gebruik:

- Waar het dit gebeur?
- Wanneer?
- Hoe het dit gebeur?
- Wat het jy gesien en gehoor?
- Wie was almal by die voorval betrokke?
- Wat was snaaks?
- Hoe het jy opgetree?
- Wat het jy gedoen?
- Watter les het jy geleer?



(50)

**OF**

1.4 **Titel: Sonder 'n goeie skoolopvoeding is my lewe arm . . .**

As jy aan jou lewe dink, besef jy watter groot rol skoolgaan in jou lewe speel. Skoolgaan is soos 'n kleine kosmos – 'n kleine werklikheid van die lewe daarbuite. Skool bied jou soveel nuwe uitdagings, nuwe ervarings, vaardighede, kennisse, ensovoorts. Skryf 'n opstel waarin jy reflekteer op watter groot rol skool in jou lewe speel en hoe arm jou lewe daarsonder is.

(50)

**OF**

**1.5** Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aansluit.

1.5.1




(50)

**OF**

1.5.2



(50)

**OF**

1.5.3




(50)

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2 : TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Die lengte van jou skryfstuk moet **140-160** woorde wees.
- Maak seker dat jou skryfstuk ŉ titel het.
- Maak seker jou skryfformaat is korrek.
- Beplan jou skryfstuk voor jy jou finale teks begin skryf.




2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou ouers het jou selfoon in die hande gekry en jou sms'e gelees. Jy is smoorkwaad omdat hulle nie jou privaatheid respekteer nie. Hulle is ook teleurgesteld in die boodskappe op jou selfoon.
Jy is te kwaad om met hulle te praat, want jy weet jy gaan goed sê wat jy gaan berou.

- Skryf ŉ **BRIEF aan jou ouers** waarin jy die situasie regstel. (30)

**OF**

2.2 **DIALOOG**

Jy is na ŉ vriend(-in) se partytjie uitgenooi. Jou ma weier egter dat jy met ŉ verbleikte en verslete paar jeans en gekleurde strepe in jou hare moet uitgaan. Tog doen alle tieners dit. Oorreed jou ma om jou toe te laat om met daardie kleredrag die partytjie by te woon.


verbleikte jeans


verslete jeans


gekleurde hare

- Skryf hierdie gesprek in die **vorm van ŉ dialoog**.

(30)

**OF**

**2.3 DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het gisteraand ‘n skoolproduksie bygewoon. Gee jou indrukke en gevoelens oor hierdie skoolproduksie in jou dagboek. Doen slegs een Inskrywing.



**OF**

**2.4 RESENSIE** (30)

Skryf ‘n **resensie** oor enige kortverhaal wat julle in die klas behandel het.

(30)

**OF**

**2.5 VERSLAG**

Jy is op die leerlingraad en moet ‘n verslag aan die hoof skryf oor leerders wat opsetlik die waterkrane in die kleedkamers of toilette ooplos. Dit veroorsaak groot skade aan die vloerteëls. Ook is die skool se waterrekening hoog as gevolg van baie water wat vermors word.
Jy het ‘n ooggetuie wat die insident aan jou beskryf het .

(30)

**OF**

**2.6 NOTULE VAN ‘N VERGADERING**

Die leerlingraad van julle skool het Woensdag, 7 Mei 2014 na skool ontmoet om onder andere die volgende te bespreek: hoe om tydens sportbyeenkomste goeie gees onder leerders te skep, fondsinsameling, netheid van leerders, ens.

Hieronder volg ‘n Agenda vir die vergadering van julle Leerderraad. Skryf nou die NOTULE van hierdie vergadering. Maak seker dat jy die volgende dinge onthou:

- ŉ Hoofopskrif vir die notule. ‘n Inleiding wat sê watter vergadering dit is wat julle hou en die dag, datum, tyd en plek.
- Die opskrifte vir jou notule moet aansluit by die opskrifte van die agenda.
- Eindig die notule met ŉ datum en ŉ plek vir die voorsitter se handtekening.

AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Presensielys
3. Verskonings
4. Notule van die vorige vergadering
4.1 Sake uit die notule

5. Nuwe sake

5.1 Hoe om tydens sportbyeenkomste goeie gees onder leerders te skep

5.2 Fondsinsameling

5.3 Netheid van leerders

6. Algemeen

7. Datum van die volgende vergadering

8. Afsluiting

(30)

.

**OF**

**2.7 KOERANTBERIG**

Gebruik een van die volgende koerantopskrifte en skryf dan ‘n koerantberig daaroor.

**284 passasiers vermis**

**Trane van verligting rol in die hof**

**Vinnigste SA man breek deur droomgrens**

REKENAAR HELP

**Seun met swak sig maak deurbraak**

(30)